**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXVI VRYDAG, 6 AUGUSTUS 1971 Nr. 11

**GACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# PUK WORD PRESIDENT VAN DIE A.S.B.



**Leon Wessels, pasverkose President van die Afrikaanse Studentebond.** *Foto: Fotokuns.*

**TE MIDDE VAN WOELINGE in die studentegeledere is mnr. Leon Wessels, voorsitter van die Studenteraad, as nuwe President van die Afrikaanse Studentebond op die pasafgelope jaarkongres te Pretoria aangewys. Dit is die tweede President in vyf jaar wat van die Puk afkomstig is. Ds. Ben de Klerk van Gobabis was gedurende 1967 President van die Bond.**

Mnr. Wessels volg mnr. Roelf Meyer van die Universiteit van die Oranje Vrystaat in die pos op. Mnr. Meyer is sedert 1 Januarie President.

Mnr. Wessels het die afgelope termyn op die Uitvoerende Komitee gedien. Hy het onder andere aan die hoof van KUESTA 71 as Direkteur vir Kuns-Kultuur gestaan.

Dit is nog nie seker wanneer mnr. Wessels die leiding by mnr. Meyer sal oorneem nie. Die huidige termyn strek van 1 Januarie tot 31 Desember. Daar is egter reeds 'n geruime tyd 'n beweging aan die gang om die termyn van die hoofbestuur te verander sodat dit van September tot September strek.

Mnr. Sias Reynecke is aangewys as onderpresident. Hy het die portefeulje Algemene Studentebelange op die Uitvoerende komitee behartig en is afkomstig van die Randse Afrikaanse Universiteit. Mnr. Reynecke dien reeds twee jaar in die Uitvoerende Komitee.

Mnr. Alwyn Kraamwinkel is ook verkies tot die Uitvoerende Komitee. Hy sal die Direkteur vir Afrika-aangeleenthede wees. Mnr. Kraamwinkel is Voorsitter van die ASB - Komitee van die Studenteraad.



**Alwyn Kraamwinkel is op die onlangse ASB-kongres te Pretoria op die Uitvoerende Komitee verkies. Hy sal die direkteurskap Afrika-aangeleenthede behartig.** *Foto: Fotokuns.*

## DAAR HE'JY DIT



## Beroemde laaste woorde

## AANKONDIGING

'n Groep musiekstudente van die Universiteit van die O.V.S. tree môre-aand in die Konservatoriumsaal op. Daar sal onder andere sang- en klavierwerke uitgevoer word. Op Dinsdag 17 Augustus vind die vyfde Collegiumkonsert van 1971 plaas.

## Teenstrydige Uitsprake – Matie Antwoord

„Ek het nooit die ASB verkramp genoem nie. Die woorde *verlig* en *verkramp* verdien in elk geval, na al die skade wat dit aangerig het, na my mening geen bestaansreg nie. Allermins het ek daarby in die onderhoud vol genoegdoening gepraat van 'n deurbraak wat ‚ons verligtes' op Stellenbosch maak", het die voorsitter van die Studenteraad van Stellenbosch in 'n ope brief na aanleiding van 'n berig wat in 'n Engelse Sondagblad verskyn het, gesê. Die President van die ASB het daarop gereageer en mnr. De Villiers gedaag om sekere bewerings te ontken (Wapad 4 Junie 1971).

Mnr. De Villiers skryf verder dat die ASB „nog steeds bestaansreg het." Hy het ook geen besware teen die Christelik-Nasionale grondslag van die Bond nie. Hy beweer ook „dat die oorgrote meerderheid van Stellenbosch se studente met (hom) deel in hierdie standpunt."

Skrywer onderstreep die standpunt dat die Studenteraad op Stellenbosch weer by die ASB behoort te affilieer. Hy sê nie hoekom affiliasie onmoontlik is, terwyl die meeste studente op Stellenbosch ten gunste van die bestaan van die ASB is nie.



**Die PUK-afvaardiging na die ASB-kongres in Pretoria verskyn in die gewone volgorde. Agter: Dawie Swanepoel, Nico Ligthelm, Kobus Booyens, Botter Botha en Kobus van der Walt. Voor: Leo van Schaik, Alwyn Kraamwinkel (leier) en Lourens du Plessis. Sien berig elders.** *Foto: Fotokuns.*

## GELEERDE VRIENDE STIG NUWE ORGANISASIE

**Die Nasionale Organisasie van Regstudente wat hulp aan regstudente wil verleen, is die afgelope vakansie op die Kampus van Wits gestig.**

Die kongres is op die Wits-kampus gehou nadat daar in November 1970 op die kampus van die Universiteit van Port Elizabeth in beginsel besluit is op die stigting van 'n Nasionale Federasie van Regstudente. 'n Aksiekomitee is verkies om 'n konsepgrondwet op te stel.

Die doel van die organisasie is om in sekere behoeftes van die regstudent te voorsien. Dit is bv.

(a) Om in samewerking met die regshulp-skema, wat sopas deur die Regering ingestel is, praktiese ondervinding aan regstudente te bied.

Vervolg op bladsy 4.



**Kerneels van Niekerk wat verkies is tot ondervoorsitter van die nuwe Nasionale Regsvereniging.** *Foto: Fotokuns.*

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK




My lensie het gedraai en die blits van iets verbygeswaai. Fyn en noukeurig moes ek terugdraai om dit na te spoor. Toe sien ek dit weer. Net 'n blitsie op die horison van die praters. So het ek altans gedink. Totdat ek die tweede blitsie sien verander in 'n glinstering. En die glinstering was nog steeds op die horison van die praters.

Hy leef in die era van die dialoog. Het miskien selfs in daardie atmosfeer ontkiem. En is dit nou nie 'n era om in te ontspring nie. Nog 'n dialoog te midde van al die dialoë. Maar sy fasette het aan my vertel dat hy anders sal wees. Maar watter dialoog was dan nou al anders? Kom ons wees anders en glo hom. Want as ons hom glo dan sal ons hom van nader bekyk.

Hy het 'n belofte gemaak. Sy belofte is:

- **Ek wil aktief betrokke wees by ons tyd en wêreld.** En dit is mooi. Dit moet ons doen.
- **Ek wil krities besin oor die eietydse kultuur na al sy fasette.** Dit lyk my hy wil wegdoen met die verengde ingekringde plek wat aan die begrip **kultuur** gegee word. Daaroor **juig** ek. En as hy byhou met al die fasette, dan **jubel** ek.
- **Ek wil luisterend getuig in die wereld van vandag.** Weg met die bombastiese doodskree dialoërs.
- **Ek wil suiwerend vernuwe in die lewe van ons tyd.** Dit is beslis meer as wat van die meeste van ons ronde-tafel-praters kan sê. En dit is meer as wat enigeen nog op hom kon neem. 'n Bydrae is egter meer as welkom.
- **Ek wil werk,** werk om AKTIEWE BETROKKENHEID.
KRITIESE BESINNING.
LUISTERENDE GETUIENIS.
SUIWERENDE VERNUWING.

Dit is die belofte van die blits op die horison van die praters. En daarmee het hy weggedraai van daardie horison en hom kom plant in ons midde.

Sy belofte is mooi. As hy met donder en blits ontpop, dan sal dit nie eers nodig wees om hom bekend te stel nie. Weet intussen dat hy kom. En volgens sy beloftes kom hy om te bly. Maar net as ons nie skrik en op loop sit nie. Net as ons hom ontvang soos hy kom.

## SALONUITSTALLINGS — UITNODIGING

*Die jaarlikse Salon van die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, vind plaas vanaf 12 tot 26 Augustus in die Kunslokaal van die Frans du Toit-gebou.*

*Persone wat belangstel om deel te neem, kan hulle werke Donderdag 6 en Vrydag 7 Augustus tydens kantoorure by die Navraetoonbank van die Frans du Toit-gebou inskryf en terselfdertyd inlewer.*

*Vir deelname moet aan die volgende vereistes voldoen word:*

1. *'n Maksimum van drie werke per persoon mag ingeskryf word.*
2. *Keuring vind plaas en minder as drie werke kan dus aanvaar word.*
3. *Beeldhouwerk moet van voetstukke voorsien wees en skilderye en tekeninge moet geraam of gemonteer wees.*
4. *'n Bedrag van 25 sent is nodig per inskrywing.*
5. *Werke mag eers en moet op Vrydag 27 Augustus verwyder word. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm, wat in drievoud voltooi moet word, dien as bewys van eienaarskap.*
6. *Alhoewel die uitstalling onder goeie toesig gehou word, neem die bestuur geen verantwoordelikheid vir verlies of beskadiging van werke nie.*
7. *Die publiek kan die werke besigtig vanaf 13 tot 26 Augustus. Bedags gedurende kantoorure, saans van 7 nm. tot 9 nm. en Saterdae van 9 vm. tot 12 middag.*

*Alle belangstellendes is welkom om deel te neem. Die opening word gehou op Donderdag 12 Augustus om 7.30 nm. Lede, kunsliefhebbers en kunstenaars word na die opening uitgenooi.*




**HUIS en TUIN**

TEL. 4641

★

U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT

ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES



DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039


# Malgassie omhels PU-sending op eg Franse wyse

**TIEN DOSENTE VAN DIE P.U. het gedurende Julie 'n studietoer na Madagaskar onderneem. Die toer is onder die beskerming van die instituut vir Afrikanistiek van die P.U. gereël. Die doel van die toer was om eerstehands met die land en sy mense kennis te maak en om die probleme, moontlikhede en navorsingsmoontlikhede na te gaan. Die groep het op Donderdag, 8 Julie vertrek en op Saterdag 24 Julie teruggekeer.**

Die toergroep het uit proff. J. H. Coetzee (Afrikanistiek en Volkekunde), die leier, J. S. van der Merwe (Geografie), J. S. du Plessis (Geskiedenis), C. P. van der Walt (Staatsleer), F. J. Potgieter (Beplanning), D. P. Erasmus (Ekonomie), M. J. H. du Plessis (Frans) en mnre. L. Leal (Frans), C. J. Maritz (Naturelleadministrasie) en C. J. Coetzee (Naturelleadministrasie en Frans) bestaan.

Skenkings deur o.a. General Mining and Finance Korporasie Bpk., Anglo American Corporation of South Africa, Ltd., Roberts Construction, Siemens en Federale Chemiese Beleggings, asook van plaaslike firmas soos Pro Rege en Enslins Drukkery, het die toer moontlik gemaak. Die P.U. het dit van sy kant ook gesubsidieer. Mnr. P. Ullmann van Bedaux Africa, 'n firma van konsulterende ingenieurs, het gehelp met die reëlings van die toer.

**NA HOOFSTAD.**

Die groep is per vliegtuig na die hoofstad, Tananarive, en daarvandaan — ook per vliegtuig — na Majunga aan die weskus en om die noordpunt na Tamatave aan die ooskus. Daarna het hulle per bus vanaf Tananarive die binneland na die suide besoek en weer vanaf Tananarive teruggekeer. Hulle het egter nie die suidwestelike deel wat ook die mins ontwikkelde deel van die land is, besoek nie.

**VYF MINISTERS.**

In die loop van die toer is talle ontmoetings met persone en instansies gereël. Dit sluit vyf ministers, waaronder die van Buitelandse sake, die Sekretaris van die regerende Sosiaal-Demokratiese Party en die Rektor van die Universiteit van Madagaskar in.

**GEWONE MENSE.**

Daarnaas is so veel gesprekke moontlik met die gewone mense gevoer. Die taalprobleem het die gesprekvoering aan bande gelê, maar die drie lede van die geselskap, wat Frans magtig is, het baie gehelp.

**KONTAK VERWELKOM.**

Die groep is vriendelik ontvang, en veral op amptelike vlak was die houding vriendskaplik en tegemoetkomend. Die kontak met die R.S.A. is allerweë verwelkom. Dit het die groep voorgekom asof die R.S.A. as 'n baie ryk land na wie vir hulp omgesien word, beskou word. Die bevolking was oor die algemeen vriendelik en ontspanne.

**FRANS.**

Die Franse stempel op die land het veral opgeval. Frans is die kultuurtaal en die belangrikste taal in die opvoeding. **Die Frans inslag is duidelik kenbaar in die sakeondernemings, veral die hotelwese. Daarby is die gewoontes tipies Frans, en werk die Franse patroon dwarsdeur die hele samelewing.** Madagaskar is lid van die bond van Franse state in Afrika. Daar is ook nog 'n klein Franse basis by Diego Suarez aan die noordpunt van die land.

**Coca Cola.**

In teenstelling hiermee was Amerikaanse invloed bykans afwesig. Coca-Cola is darem orals te koop. Verder is Amerikaanse produkte naas Japannese produkte in die winkelvensters opgemerk.

Die belangrikste bedryf van die land is die landbou wat sowat 85% van die bevolking onderhou. Die land is, behalwe in die suidweste, besonder waterryk, en dit maak gedifferensieerde landbou moontlik: beeste in die suide, rys op die hooglande. Verder word veral piesangs, koffie, appels, druiwe en allerhande speserye verbou.

**TOERISME.**

Die land se nywerhede is nog in die aanvangstadium en veral gerig op uitvoervervanging. Verder is daar 'n feitlike afwesigheid van 'n infrastruktuur. Die bergagtige topografie maak die bou van paaie en spoorlyne moeilik en duur. Die lugvervoer is daarenteen goed ontwikkeld. Hierdie probleme benadeel ook die toerisme. die groep het bevind dat die land baie te siene bied, maar dat dit moeilik bereikbaar is.

**RUSSE.**

Dit het die groep voorgekom as of daar van Russiese indringing in die Indiese Oseaan bewus is. Verder het dit hulle getref dat, veral van amptelike kant, sterk klem op die eie Malgassiese identiteit gelê word. Hulle beskou hulle nie as deel van Afrika nie. Hulle houding teenoor die RSA kan saamgevat word as samewerking.

**Die finale indruk van die groep was dat die Republiek Malgassie; hoewel nie 'n sterk ekonomiese en militêre bondgenoot nie, tog vir die R.S.A. 'n sleutel na die res van Afrika en na Frankryk bied.**

'n Kort verslag van die studietoer sal binnekort gepubliseer word. Die gegewens wat die toer opgelewer het, sal ook vir seminaarvoordragte in 1972 gebruik word.

Die toer, 'n private onderneming met goedkeuring van die Departement van Buitelandse sake, is die tweede wat deur dosente van die P.U. onderneem is. Verlede jaar het bykans dieselfde groep Malawi besoek.

## Internasionale kampioen was hier

'n Gimnastiekafrigtingskursus waarop onder meer deur die Franse universiteitsgimnastiekkampioen wenke gegee is, is op 25 en 26 Junie by die P.U. gehou. Dit het die jaarlikse kompetisie. van die Suid-Afrikaanse Universiteite se Gimnastiekunie voorafgegaan en is hoofsaaklik bygewoon deur studente van die noordelike universiteite.

Dr. P. J. Smit, sekretaris van die Universiteite-gimnastiekunie, het gesê dat daar laas in 1968 'n interuniversitêre gimnastiekkompetisie was. Om belangstelling vir vanjaar se kompetisie aan te wakker is besluit om vooraf die afrigtingskursus te hou.

Die Franse universiteitskampioen in die mansafdeling, Miche Bourgeois, was behulpsaam by die kursus op Potchefstroom en hy is gevra om self ook aan die inter-universitêre toernooi in Bloemfontein deel te neem, vroeër hierdie maand. Hy is 'n nagraadse student in liggaamlike opvoedkunde aan die Universiteit van Parys.

Die dames by die kursus is afgerig deur die internasionale gimnastiekbeoordelares, mej. B. Handley, wat tans aan die Universiteit van Rhodes verbonde is.

Die kursus en toernooi is aangebied in samewerking met die S.A. Sportstigting. Studente van die Universiteit van Suid-Afrika het vanjaar vir die eerste keer daaraan deelgeneem.

## Beplan volgende Karnaval

Mnr. Nico Ligthelm, Karnavalvoorsitter van 1972, het bekendgemaak dat die planne vir volgende jaar se Karnaval begin vorm aanneem.

Die nuwe karnavalkomitee, wat benoem is, is vergroot en bestaan nou uit 'n ledetal van sewe-en-twintig. Hulle eerste vergadering is reeds op 5 Augustus gehou waar die nuwe konsepprogram ook voorgelê is.

Alles dui daarop dat dinge vlot verloop en die komitee aan die brand is.


**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

Octron-gebou
Lombardstraat

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR






Die Alabama-orkes verskyn vanjaar op die verhoog teen die agtergrond van die decor wat die fotograaf van *Die Wapad* Piet Fotokuns, ontwerp het. Alabama is volgende week op die planke in Potchefstroom. *Foto: Fotokuns.*

# NUWE PUBLIKASIE VERSKYN EERSDAAGS

**DAAR IS onlangs bekendgemaak dat 'n nuwe publikasie die lig gaan sien. Die redaksie bestaan uit personeellede en senior studente van die P.U. Die blad is daarop gemik om te voorsien in 'n behoefte onder die jeug om uiting te gee aan standpunte binne die raamwerk van 'n besondere lewensbeskouing, en sal bekendstaan as LOOG.**

Die eerste uitgawe word reeds op 16 Augustus verwag.

*Loog* is nie 'n mondstuk van enige organisasie nie. Dit wil slegs jongmense van alle rassegroepe, tale en gelowe, die geleendheid bied om hulle standpunt te stel. Die feit dat dit 'n onafhanklike blad is maak nie daarvan 'n beginselose blad nie. Dit wil alle aktuele sake soos politiek, literatuur en taal in die Lig van die Woord sien. Die redaksionele woord sal 'n definitiewe boodskap wees.

Die blad wil intensief ingaan op die aktuele sake. Bydraes wat aan die blad gestuur word sal gekeur word. Daar sal ook berigte wat kritiek op die blad lewer gepubliseer word, mits dit 'n grondige argument bevat.

In die eerste uitgawe verskyn daar 'n unieke bespreking oor pop-musiek. Daar word veral gewys op die vergelykings wat dikwels getref is, maar tog nie opgaan nie. Polimisering en kerklike eenheid word. ook aan die kaak gestel.

Die blad, *Loog* is nog nie wyd bekend nie. Daar bestaan 'n groot behoefte aan leiers en finansiële steun. Die eerste eksemplaar word gratis versprei. Belangstellendes kan skryf aan: Posbus 20119, Noordbrug, Potchefstroom.

## BULT
## DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.**
**Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.**
**Ons het na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98 getrek.**

**TOMSTRAAT 98** **TEL. 5574**

# Alabama vanjaar in Skouburg

**DIE ALABAMA STUDENTEGESELSSKAP het gedurende Julie sy suksesvolste toer tot op datum onderneem. Die groep onder leiding van Johan van Rensburg het alle rekords oortref en mense gaande gehad sover as hulle getoer het.**

Die vyfde Revue-program, wat 'n ietwat ander kleur as die vorige vier het, is baie goed deur die publiek ontvang en het orals vol sale getrek. Veral die tegniese deel van die aanbieding, die klank-effekte en die beligting, het hoë lof ingeoes asook die orkes wat vanjaar bo-op die verhoog sit. Die goed gebalanseerde program is deur verskeie resensente aangeprys as sprankelend met 'n tipiese Alabama-natuurlikheid, oorspronklikheid en spontaniteit.

Die geselskap, wat hulle toer op Carletonville begin het, het daarvandaan 'n sirkel-roete deur die Transvaal gevolg, onder andere Naboomspruit, Groblersdal en Middelburg tot op Klerksdorp waar die toer op 'n hoë noot afgesluit is. Op Klerksdorp alleen het 1100 en 1500 mense onderskeidelik die twee opvoerings bygewoon. Op Springs, waar die groep in die H. F. Verwoerd-skouburg opgetree het, moes 'n spesiale middagvertoning gereel word omdat die aandvertoning reeds drie weke voor die tyd vol bespreek was.

Volgens die toerlede is die hoogtepunt egter bereik by Die Oog naby Naboomspruit waar twee dae ontspan is. Daar is ook 'n redelike informele vertoning gelewer op 'n wankelrige verhoog wat gedeeltelik uit tafels bestaan het. Die vertoning het sonder voorval verloop behalwe vir die keer toe Joe Enslin dwarsdeur 'n tafel geval het.

Hoewel die toer met een-entwintig vertonings agter die rug lê, treë Alabama nog 18 keer op voor die einde van September. Dit sluit in agt vertonings in Potchefstroom van 9-12 Aug. en weer van 25-28 Augustus. Daar sal oor in Welkom en Vanderbijlpark opgetree word. Alabama tree ook 18 September op in die Aula in Pretoria en sluit die jaar af met 5 optredes, vanaf 22-25 September, in die Stadsskouburg in Johannesburg.

ONS STEL BEKEND

# Prof. G. P. C. van der Vyver

Prof. G. C. P. van der Vyver is met ingang 1971 aangestel as hoogleraar in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Teologiese Skool.

Hy het sy hoërskoolopleiding in Steynsburg voltooi aan die Hoërskool Paul Kruger en daarna 'n primêre onderwyssertifikaat aan die Steynsburgse Onderwyskollege verkry. In 1936 skryf hy vir die graad B.A. in aan die P.U. Na die verkryging van die graad Th.B. in 1942 word hy predikant te Colesberg.

Tydens sy studentejare het prof. Van der Vyver vir die Puk se eerstespan rugby gespeel en was hy ook kaptein van die Skyfskietklub. Dit is interessant om te weet dat die naam „Wapad" van hom afkomstig is. 'n Prysvraag is gestel ten einde 'n naam vir 'n eie studentepublikasie te verkry en sy inskrywing is aanvaar.

In 1953 het hy na Nederland vertrek om navorsing te doen.

Prof. Van der Vyver dien in die Fakulteitsraad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Voordat hy aangestel is as professor het hy ook in die Raad van die P.U. gedien. Hy is voorsitter en lid van verskeie deputaatskappe van die Gereformeerde Kerk en onder andere was hy op die deputaatskap wat die eeufees van die P.U. en Teologiese skool in 1969 gereël het. Ten tyde van die eeufees het hy op versoek 'n gedenkboek van die Universiteit en Teologiese Skool, getitel „My Erfenis is vir my mooi" geskryf.

## A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**
**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING
**SKAKEL 7074**

die WAPAD

# ASB-KONGRES — MIN VERRASSINGS

Vir diegene wat hulself op hoogte ag met die klimaat en klimaatsveranderinge binne studentegeledere, het die afgelope Kongres geen verrassings opgelewer nie.

Die feit dat mnr. Wessels verkies is tot President mag oënskynlik na 'n verrassing lyk, veral as in gedagte gehou word dat die standpunt wat die Puk-afvaardiging deurentyd gehandhaaf het nie altyd die meerderheid se standpint was nie. *Die Wapad* wil mnr. Wessels gelukwens met sy verkiesing en die taak wat hy blymoedig op sy skouers geneem het. Die ASB beweeg ongetwyfeld op hierdie stadium op die kruin van die golf.

As daar enige afleiding uit die bespreking op die kongres gemaak kan word, dan sal dit wees dat die studente deurgaans goed voorbereid was. Die lewendige bespreking het ook die belangstelling in die bepaalde tema onderstreep. Indien hierdie neiging na die aktuele op die bevolkingsvlak voortgesit kan word, sal dit ook vir die buitewêreld (buite die sfeer van die ASB) duidelik wees dat wat binne die kader van die studentekring aan die broei is, nie te versmaai is nie. Omdat die tema *ook die publiek aangegryp het*, dink vele seker dat dit die eerste keer in die geskiedenis van hierdie Bond is dat daar enigiets gebeur.

Die wyse waarop die Puk-afvaardiging hulle standpint gestel het verdien die lof van elke Puk. Binne 'n raamwerk van erns en bedagtheid op die toekoms van Suid-Afrika en sy inwoners het hulle 'n suiwer standpunt gestel en dit akademies gefundeer. Dit het ook duidelik geword dat daar nog ernstiger oor hierdie aangeleentheid besin moet word. Die „tradisionele" standpunte van die onderskeie sentra het soos van ouds na vore getree. Dat die geestesklimaat van elke Universiteit uit die gedagtestrome van die afvaardigings geblyk het, was net so duidelik. Om hiermee fout te vind, is om met die moedertaal van iemand fout te vind. Dank vir die leiding op akademiese gebied gaan aan die doserende personeel en diegene wat die leiding neem op alle vlakke binne die Universiteit.

En as daar enige twyfel bestaan het oor die gebondenheid van die ASB aan enige politieke party, dan behoort dit nou finaal duidelik te wees dat daar *geen* sodanige bande bestaan nie. En indien dit bestaan het, dan is dit finaal verbreek. Die aard van die bespreking en die verkiesing van die Uitvoerende Komitee behoort genoegsame bewys daarvan te wees — ook vir die onderskeie politieke partye. Al wat dit beteken, is dat die studente besluit het om *binne die kader van studentwees te besin oor lewensvraagstukke*. Hulle sal self die borrelende gedagtes verwek en verwerk. Die leiband is nie oral nodig nie — dit verdien sy plek in die opset van *skoling*, maar nie van *voorskrywing* nie.

## Uit die Woord

**„Wat sal ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my? Ps. 116:12.**

*Ons in Christus, en Christus in ons, . . Wat 'n jubelende lewe! Ons wat dood was in die sonde, ons wat in die angste van die hel hoort . . . Hoe het God ons nie begenadig nie?*

*Wat maak ons nou met ons jubelende jonkheid? Wat maak ons met die geleenthede wat aan ons geskenk word? Is ons blydskap self-gerig — 'n oppervlakkige sug na plesier en self-vermaak? Ons lag en ons is bly, ja, maar hoe is ons bly? Uit wie en tot wie en deur wie?*

*Daar is maar een blydskap. Jesus Christus. Alle ideale en die vervulling van ideale bly leeg en sinloos buite Hom. Alle vreugde is leeg en brak sonder Hom. Die jonkheid is ydelheid as dit nie 'n jonkheid in Hom is nie. Hy wat in Godverlatenheid die Naam van die Here aangeroep het sodat ons in Godsnabyheid mag aanbid.*

*Wat sal ons dan die Here vergeld vir al Sy weldade aan ons? Laat ons in dankbaarheid lewe. Laat ons jubeling 'n jubeling wees in Christus Jesus. Laat ons arbeid, ons plesier, ons ingaan en ons uitgaan maar net in die teken van egter dankbaarheid tot God staan. Want, per slot van rekening — wat kan ons die Here vergeld?*


**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

**„die potchefstroomse boekhandel"**

**TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM**


# DIE DOODSTRAF — KRITIESE OPMERKING OOR 'N SINLOSE BETOOG

**Die redaksie is van D. J. S. (Dick) Steyn, 'n teologiese student in sy finalejaar, ontvang.**

## studentemening

Wat 'n jammerlik dag sal dit wees vir die Suid-Afrikaanse Regswese as sulke belangrike sake soos die doodstraf benader gaan word vanuit statistiese gegewens en gedryf word deur humanitêre oorwegings. Dit is alreeds 'n jammerlike dag vir die P.U. vir C.H.O. dat in argumente teen en vir die afskaffing van die doodstraf nie een beginselgrondslag aangetoon kan word in „Studentemening" van *Die Wapad* van 18 Junie 1971, nie.

Die vraag vir my in die eerste plek: is die meerderheid van Regters (95%) se afsydigheid teenoor die afskaffing van die doodstraf enige argument? Basies moet hulle tog 'n standpunt hê waarom hulle teen die afskaffing gekant is, want die 95% kan hulle tog nie weer op 'n ander persentasie van Regters beroep nie. My antwoord op die vraag van Kobus Booyens sou wees: „Ja ek gaan dit ignoreer as hulle geen beginsel kan aantoon waarom die doodstraf moet geld nie".

Wat vir my meer interessant was om te lees, was die standpunt (?) van Chris Schoeman. As die emosionele standpunt vir ons van belang was, moes ek nou 'n oortuigde mens gewees het, maar ongelukkig dra sy argumente geen oorredingskrag nie.

„In die eerste plek is dit sy submissie dat daar 'n groot verskil bestaan tussen skuld en straf". „Submissie" in die sin wat hy dit gebruik kan alleen verklaar word as sy „voorlegging". Ek is bewus dat hierdie term algemeen in die Regswese gebruik word as die persoon vir homself tot 'n uitsluitsel gekom het, en dus 'n stelling kan maak. Nou wil ek teenoor die stelling van Chris Schoeman dit opmerk, nl. dat daar nie 'n „groot verskil" tussen skuld en straf is nie, maar daar is 'n radikale verskil, want hierdie twee sake ter sprake is wesenlik verskillend en is begrippe van verskillende kategorie Skuld dra altyd die karakter van 'n relasie. Om skuldig te wees, beteken vanselfsprekend dat jy skuldig staan teenoor iemand, mens of God, afhangende van die vertikale of horisontale betrekking. Om skuldig te wees beteken dat jou eksistensie belaai is met skuld, m.a.w. jy is 'n skuldenaar, en dit beteken jy het jou deur jou oortreding in 'n posisie van disharmonie geplaas. Wesenlik is straf presies die teenoorgestelde van skuld, want straf dien om die disharmonie te harmonieer.

As die stelling gemaak word dat straf 'n tweërlei doel het, nl. om die dader te weerhou van soortgelyke optrede, en om as afskrikmiddel te dien, dan is dit net 'n halwe waarheid. Daar is 'n waarheidselement in om straf op te neem as 'n generale prevensie. Hierdie is 'n saak wat op die periferie lê, trouens daar is meer sake wat moet dien as 'n preventatief as alleen straf, want so het 'n bepaalde verordening al basies 'n preventatiewe karakter. Die sin van straf kom ten volle na vore as die straf in concreto teenoor 'n bepaalde individu in toepassing gebring word. Die voorkomende karakter, generaal en partikulier, is nie die eksklusiewe karakter van straf nie. Chris Schoeman huldig eintlik 'n standpunt van die doel wat die middele heilig, want sou dit dan gebeur dat iemand onskuldig gestraf word, dan word daar eintlik geen onreg teen hom gepleeg nie — hy dien in elk geval tot 'n uitstekende waarskuwing vir ander mense!

Oor die „afskuwelikheid" van die doodstraf en ons moderne fynbesnaarde beskawing waarin praatjies oor die doodstraf nie geduld word nie, wil ek net hierdie enkele vraag stel: of die Bybel nie ook in goeie geselskap gebruik word nie, en doodstraf kry ons in die eerste hoofstukke daarvan?

'n Interessant argument wat my opgeval het is „Moordenaars sal daar altyd wees, diewe sal daar altyd wees, maar ek dink die tyd het miskien ryp geword vir die heroorweging van die doodvonnis." Logiese analisering van die sin wil aan my geen sin openbaar nie, want



**Dick Steyn — Teologiese student en skrywer van Studentemening.**
*Foto: Fotokuns.*

as daar uitgegaan word van die standpunt dat moordenaars altyd daar sal wees en diewe altyd daar sal wees, dan moet ons ook uitgaan van die standpunt dat ekonomiese onstabiliteit altyd daar sal wees, en dat inflasie altyd daar sal wees as gevolg van die mens se drang om uit te gee, en daarom behoort die staat ook alle teen-inflasionêre maatreëls op te skort. Ons vriend doen 'n beroep op die afskaffing van die doodstraf, nadat hy 'n suiwer fatalistiese standpunt ingeneem het.

Dit is inderdaad 'n skokkende standpunt om in te neem as geredeneer word vanuit die moontlikheid dat iemand onskuldig veroordeel sal word tot die doodstraf. Dit is hie 'n argument by doodstraf alleen nie, maar by ander straf. Daar kan geen regverdiging gegee word vir enige straf van watter aard ookal, as die skuld van die persoon nie bo redelike twyfel bewys is nie, trouens die idee van die bestaan van 'n onskuldige vonnis is 'n kontradiksie met die begrip „reg." Aan die hof, waar geregtigheid en regverdigheid moet geld, word nou 'n relatiewe karakter gegee en daar word 'n streep getrek deur die hele begrip „reg."

As ons skuld nie gaan sien as 'n versteurde harmonie, as 'n relasie wat in verbrokkeling gekom het nie, en as ons straf nie sien as die herstel van die harmonie nie, dan wil ek graag die regverdigingsgrond van enige vonnis leer ken. Die laaste ding wat ek gaan doen is om hier 'n analise van individualiteitstrukture en samelewingsverbande te lewer, maar dit wil ek stel, nl.

Doodstraf moet toegepas en kan alleen toegepas word in gevalle waar 'n oortreding van so 'n aard was dat daar eers weer orde kan heers as die persoon met die dood gestraf word, sodat die samelewing weer veilig kan voel. Ons moet onthou dat die aard van die oortreding die straf bepaal.

Ten slotte, wat van die Recidivisme? Wat daarvan dat persone maar weer en weer tot misdaad verval? Wat daarvan dat nie net dieselfde persoon weer tot misdaad verval nie, maar dat ander persone ook tot misdad val? Het STRAF dan nog 'n bestaansreg, as dit volgens Chris Schoeman nie sy generale preventatief uitoefen nie?

## Nuwe Organisasie

**Vervolg van bladsy 1.**

(b) Om 'n uitruilskema vir regstudente van verskillende universiteite in te stel.

(c) Om simposiums oor aktuele regs probleme te hou.

(d) Om 'n regstydskrif uit te gee.

Mnr. Mostert, direkteur van regshulp voorsien dat in die eerste fase van die skema hulpbehoewende persone van regsadvies bedien sal word deur regstudente onder toesig van lede van die balie of sybalie. Moontlik sal later gepoog word om verskyningsbevoegdheid aan studente met sekere akademiese bevoegdheid te verleen — soos die stelsel wat reds in die V.S.A. gebruik word.

Tien blanke universiteite het het afgevaardigdes na die kongres gestuur.

Die bestuur bestaan uit mnr. Barry Botha van U.P.E. (president), Neels van Niekerk van die P.U. (visie-President), en Paul Jordaan (addisionele lid). Tuks het een persoon in die bestuur, U.K. twee en U.N.I.S.A. een.

Lidmaatskap van die federasie is oop vir alle outonome regsverenigings van universiteite in Suider Afrika. Daar word beoog om dit na Europa uit te brei.

Die aktiwiteite van die organisasie sal streng akademies wees, geen sosiale bedrywighede sal gereël word nie.

Volgens Neels van Niekerk, voorsitter van die plaaslike S.R.V.P., berus dit uitsluitlik by die plaaslike regsvereniging of daar by die nasionale organisasie geaffilieer sal word of nie.


**AJAX**

**Kerkstraat 159**

**Foon 6175**

★ **BOEKE**

★ **SKRYFBEHOEFTES**

★ **PLATE**

# OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê Herstelde̊s,

Het julle ook al 'n stoel gevat en naby die kennisgewingbord gaan sit? Daar is vir jou uitdrukkinge te sien. Persoonlik wou ek huil van verligting en het ek die kennisgewingbord met 'n breë *Colgate*-glimlag beloon.

Diegene wat my die meeste interesseer en die viesste maak is die wat so graag ander se punte gaan bestudeer. Soms selfs neerskryf. Wat het hulle daarmee uit te waai?

Verder het die heersende plaag van uitmaak ook die hele plek ten volle getref en die paar verlowings en nuwe slepe half ondergesit.

Mense dink julle ooit tweemaal voordat julle besluit om uit te maak? Die toere van die afgelope vakansie het menige slepers uit mekaar. Onthou tog net dat vakansieromanses in die meeste gevalle in die vakansie tuishoort. Menige van daardie **wonderlike** toerslepe verloor hulle glans terug op die Puk.

**Leon Wessel**, pasverkose president van die ASB en **Alwyn Kraamwinkel** berig ook dat die Pukke wat vir die kongres of Kuesta in Pretoria was, die sleepaksies hoog gehou het.

Ons herkose dirigent, **Ockie Raubenheimer**, dirigeer nog sy **Anna du Preez** en gehoor goed.

**Wilna du Toit** kon nie besluit watter een van die ander twee nie, toe **Mossie** besluit om met haar weg te loop.

Ja nee, **Susan Kempff** het na harde probeerslae **Jan Silvis** of te wel **Jan Geldkis** daarvoor laat val.

**Cassie Steenkamp** en **Elsa Korsten** getuig van **Cassie** se bewondering vir sangers — maar lyk my Thalia het ook iets daarmee te doen gehad.

**Elsa Havenga** is gelukkig — sy geniet seker van die Puk se mees humoristiese sleepure (of -minuutjies?) of wat praat ek als **Koos Kaffer**?

'n Steeds getroue weergawe van vassleep is **Paul Schutte** en **Netta Kriek**. So-ook **Magda Smith** en **At Coetzee**. Vergeet nie van **Joker de Jager** en haar **Bennie** nie. En **Annalie Jordaan** en **Jannie Venter** is netso bly die vakansie is verby.

Saam met **Carina Krige** verlang **Andre van Rensburg** net so baie na Stellenbosch: onderskeidelik na hulle **Hans** en **Jannie**.

'n „Thalia-weduwee" wat bly is haar wederhelf is toerromanse-vry terug, is **Anne Schoeman** oor **Thys du Preez**.

'n Paar ankers is die vakansie uitgegooi en die bote lê nou goed vasgemeer. **Kobus Kotze** het aan land gegaan, die Namib platgeloop en **Almarine** se diamant gevind. Nou is die bootjie so veilig op pad as die van **Alet de Jager** en haar verloofde. 'n Koshuis is op die lang duur die lekkerste plek, of hoe **Alet**?

**Jannie Fourie** het blykbaar besluit dat Mafeking met sy **Theresa Breedt** te ver weg is vir sommer sleep. Wat is dan beter as 'n verloofring? Veels geluk aan almal waarvan ons nog nie eers weet nie.

**Kalaharie** (Fanie Leach) en **Rene van Zyl** . . . ek wonder sommer.

Dat die ouens darem deesdae hulle asters saamsleep „army toe!" Waar anders sou **Paul Jordaan** en **Nartie de Witt** se hare so saam-saam korter geword het? Terloops, vir almal met die nuutste snit wil ek vra: het julle almal serpe?

**Loesje Koelewyn** en **Eric Louw** — die koelewyn hou seker goed in die lou(w) omgewing. ?

Is **Justus** nog steeds so letterlik afbeen oor **Cornelia Jordaan**? Dit is darem 'n letterlike voorbeeld van afbeen (been-af) wees.

Van Jordaans gepraat. Ek wonder waar is die identifikasiekaart van 'n **Jorrie** se **Heide-aster**?

**Adam Stutzer en Tersia Strydom** had een heerlike vakansie in „dispensing".

**Elizabeth Steyn** en **Gerrit** vorder volgens ons Huweliks- en Sleepjoernalis nog baie goed.

**Kobus van der Walt** het sy eenman kongres terdeë geniet — of vergeet ek nou van **Stella van N.K.P.**?

**Johan Preller** en **Marthie Coetzee** se slepery is 'n goeie voorbeeld van hoe goed onse huispa's mekaar ken.

Waar anders as vir **Walda Papendorf** gaan **Manie Grobler** deesdae so knaend per trein Bryanston toe?

As ek vandag se hoekie vir eensames moes insluit sou hy al die plek van ons onderdeur-slapers in beslag geneem het.

Pukke, ernstig nou. Staan objektiewer en neem die vakansie aangeleenthede in heroorweging. Dit kan menige beslissings dalk drasties be-invloed. Soos die sake nou staan gaan **Potch-dam** se **watervlak** aanmerklik styg.

Geniet die naweek, swat lekker en sleep sing-songs toe.

Spesiale groete aan die wat uitgemaak het.

MMmmMM.


**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**






**Johan van Rensburg en Jorrie Jordaan in druk gesprek oor die afgelope toer van Alabama. Dit is die twee manne wat die afrigting en organisasie waargeneem het. Johan doen 'n beroep op die Pukke om nie die plakkate van Alabama te verwyder nie.** *Foto: Fotokuns.*

# PLAKKATE PLAKKATE

**Daar word weer groot las ondervind van „plakkaat-diewe" Die studente kan net nie verstaan dat die plakkate nie gedruk word om as versiering van hulle kamers te dien nie maar wel vir reklame.**

**Die Alabamabestuur voel sterk oor die feit dat hulle plakkate verdwyn. Hulle kan nie bekostig om nou hulle plakkate te verloor nie, want daar is net 'n sekere aantal met al die verwysings gedruk.**

**Daar word 'n versoek tot die studente gerig om asseblief weer die plakkate terug te besorg en dit sommer in die vervolg met rus te laat.**


# POTCH INRY

Maandag tot Donderdag 7 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.

**Vrydag 6 en Saterdag 7, Eerste vertoning:**
**"FLYING SQUAD"**
Chris du Toit en Helga van Wyk

**Tweede vertoning:**
**"HOME FROM THE HILL"**
Robert Mitchum, George Pappard en Eleanor Parker.

★

**Maandag 9 en Dinsdag 10:**
**"BARQUERO"**
Lee van Cleef.
Niemand 4-16.

★


**Woensdag 11 en Donderdag 12:**
**"MISTER JERICO"**
Patrick Macnee, Herbert Lomm en Connie Stevens.

**PRIVAAT TIKWERK**

Gekwalifiseerde tik onderwyseres met ondervinding van tik van proefskrifte, verhandelings en referate. Telefoon **7682.**

**VERLOOFRINGE**

SPAAR ten minste 50%. Gewaarborgde uitvoergehalte diamante, plus verloof- en trouringe. U koop self direk by die fabriek. OF: Ruil u diamant in vir een met 'n hoër waarde. Tel. 6600, Potchefstroom.



# Studiebeurse-'n helpende hand.

Die Staatsdiens help graag jongmense wat presteer. Met studiebeurse vir matrikulante en studente wat reeds gewys het waartoe hulle in staat is.

Ons kan u help om u graad te behaal. In 'n groot verskeidenheid studierigtings.

En daarna bied ons u 'n uitdagende loopbaan. Waarin u ondernemingsgees en bekwaamhede tot hul reg kom. Waarin u u ten volle kan uitleef.

Beurse beloop R800 per jaar.

Vind nog vandag uit hoe u aan 'n studiebeurs en 'n loopbaan gehelp kan word. Skryf aan:

**DIE BEURSAFDELING, STAATSDIENSKOMMISSIE, PRIVAATSAK 121, PRETORIA.**

VZ71/0727



„Die Drie van der Walts" word eersdaags in die Totiussaal opgevoer. Die Departement Spraakleer en Drama bied hierdie toneelstuk aan. *Foto: Fotokuns.*

## GOUE WESTE

Maandag tot Donderdag 7 nm. Vrydag en Saterdag: Eerste vertoning 6.45 nm. Tweede vertoning 9.00 nm.

**Vrydag 6 en Saterdag 7 Aug., Eerste vertoning:**
"THE NIGHT OF THE GENERALS"
Peter O'Toole en Omar Shariff.

**Tweede vertoning:**
"GENTLEMAN KILLER"
Niemand 4-16.

★

**Maandag 9 en Dinsdag 10 Aug.:**
"THE VALAINT"
John Mills

★

**Woensdag 11 en Donderdag 12:**
"THE HAPPY ENDING"
Jean Simmons en John Forsyth
Geen persone 4-21

## DIRIGENTE WORD HERKIES

**DAAR IS VERLEDE WEEK Woensdag en Donderdag Sing-Songs gereël deur die A.O.B. met die oog op die verkiesing van nuwe dirigente. As hoofdirigent is weereens verkies Ockie Raubenheimer en as onderdirigent Koos Kruger.**

Die stemming is gelei deur die AOB-voorsitter, mnr. Kobus van der Walt. Alhoewel net Koos en Ockie weer genomineer was moes daar kragtens wet weer deur stemming bepaal word wie die hoofdirigent sal wees.



**Ockie Raubenheimer is herkies as Hoofdirigent van die PUK.** *Foto: Fotokuns.*

BELONING.

Mnr. van der Walt het ook duidelik gemaak dat die persoon(e) wat die kovsie-dirigent kan skaak, beloon sal word met R50. Die persone moet egter eers vooraf met die S.R. kontak en toestemming kry plus R5 as geldelike steun. Daar mag ook van geen buite instansies gebruik gemaak word om hulp nie, ook nie van die Onderwys Kollege nie. As die dirigent geskaak kan word sal sy hare hier op Puk afgeskeer word sodat al die studente daarin kan deel.

Blykbaar het Ockie en Koos verlede jaar so 'n indruk op die studente gemaak dat daar hierdie jaar geen ander nominasies ontvang is nie.

Daar is ook 'n paar veranderings gemaak in die Alabama orkes. Die orrel word bespeel deur Louis van Rensburg, die kitare deur Koos Lessing en Frans Joubert en die man agter die dromme is Joe Malherbe.

CACHET MODES
DIE DAMESWINKEL
bied u
SOMERMODES
wintermodes
ONDERKLERE
broekkouse
TOMSTRAAT 92

# Nasionale Orkeskursus Geslaagd

**OP 30 JUNIE het honderd en tagtig jong musikante tussen die ouderdomme van tien en vier en twintig jaar in Bloemfontein bymekaar gekom vir die Sesde Nasionale Orkeskursus. Mnr. G. W. Koornhof, van die Musiekdepartement van die P.U. vir C.H.O., was die organiseerder van al ses kursusse.**

Na 'n kort oudisie is al die kursusgangers in een van drie orkeste gedeel, nl. A-orkes met dirigent Anton Hartman, B-orkes met dirigent Alan Solomon en die C-orkes met Derek Ochse as dirigent. Daarna is aan hulle musiek uitgedeel, wat gedurende die daaropvolgende week instudeer en op 10 Julie tydens 'n konsert in die Odeion van U.O.V.S. uitgevoer is.

Mnr. Koornhof se seun, Piet (10), het ook die kursus bygewoon en was lid van die B-orkes. Verder het mnr. H. P. A. Coetzee, ook verbonde aan die Musiekdepartement van die P.U. vir C.H.O., sy elf-jarige seun Human, lid van die B-orkes, Jetty de Vries, en Stadtler van Zyl, 'n farmaseut, vanaf Potchefstroom die kursus bygewoon.

Die A-orkes het o.a. die „Karnaval van die Diere" van Saint-Saëns uitgevoer. Daar is toe 'n kompetisie vir tjelliste gehou om te besluit wie die bekende „Swaan solo" uit bogenoemde werk sou speel. Hierdie kompetisie is deur Human Coetzee gewen. Dit is natuurlik 'n groot prestasie as veral sy ouderdom in ag geneem word. Die twee klaviere in hierdie werk is deur Evelyn Green van Johannesburg en Jetty de Vries, B.-Mus. studente van die P.U., gespeel.

Die kursusgangers het tuisgegaan in Huis Madelief van die U.O.V.S. Bedags was hulle besig met orkesrepetisies asook groepoefeninge onder die bekwame leiding van verskillende instrukteurs, waaronder Betty Pack, Jos de Groen en Henkie Ahlers. Saans is daar interessante lesings gelewer, onder andere 'n praatjie oor die Orrel deur prof. Swanepoel, hoof van die Konservatorium van die U.O.V.S. Verder is lesings oor die versorging van instrumente gegee.

Almal het hard gewerk, maar het dit baie geniet en is dit almal eens dat dit 'n leersame en wonderlike ondervinding was.

## THALIA RY VOLSTRUIS

**„Maltrapstreke uit Toeka se dae" word vanjaar aangebied om Thalia se vyf-en-twintigste bestaansjaar te vier. Om by die feestelikheid te pas het Thalia afgewyk van sy gebruiklike vorm van aanbieding. Hierdie jaar se aanbieding is 'n letterkundige program wat bestaan uit poësie, prosa, drama en sang.**

Die gees onder die toerlede was goed. Buiten die opvoerings is daar ook n ander besienswaardighede gekyk. Die toer was hierdie jaar deur die Kaap en dan daarvandaan met die tuinroete terug.

Hulle het plekke soos die K.W.V., 'n Wynplaas, Kimberley-gat, Tafelberg, Kango-grotte, Addopark besoek en het ook 'n diens bygewoon in die Grootte Kerk. By die besoek aan 'n Volstruisplaas het Koos Kaffer daarin geslaag om soos 'n ervare joggie bo-op die volstruis te bly.

Dan was daar nog 'n heerlike vier dae van niks doen op Stormsriviermond. Dit was dan ook glad nie snaaks dat hier harte gebreek en ook gewen is nie.

Wat die opvoerings betref: in *Die Burger* ('n Kaapse koerant) is baie gunstige kritiek uitgespreek. Vir die groep lê daar nou nog ses opvoerings voor.

**'n Komiese toneeltjie uit „Maltrapstreke uit Toeka se dae" tydens die opvoering in die Totiussaal.** *Foto: Fotokuns.*

## Tersia in Proteaspan

Gedurende die grootste S.A.U. toernooi vanaf 28 Junie - 4 Julie in Potchetstroom, het die Pukke baie goed gevaar. Sewe universiteite het aan die toernooi deelgeneem.

Onder die mans het Pieter Kramer en Hennie Coetsee die beste gevaar. Hennie Coetsee is ook gekies as reserwe vir die sabelspan. In die spankompetisie het die mans hulle goed van hulle taak gekwyt.

Onder die dames het een van Puk se blinkste sportsterre, Tersia Strydom, uitstekend gevaar. Sy het die damesspan gehelp om teen baie sterk kompetisie 'n derde plek te verwerf. Tersia het gedurende die week getoon waarom sy die beste dames skermster is wat die Puk nog opgelewer het.

Sy is nie alleen vir die Proteaspan gekies nie, maar het op die toernooi slegs 2 gevegte uit 18 verloor. Sy het ook die beker ontvang vir die sabelgevegte. Die Puk se sportsekretaris, Piet Brand, het na afloop van die toernooi .n Proteavlaggie ontvang.



# JKKE TEL. TUISLAND

**DIE JAARLIKSE ASB-KONGRES is van 28 Junie tot 3 Julie te U.P. gehou. Die tema van die Kongres was:** *Die Kleurlinge in Suid-Afrika.*

Rondom die tema is vyf referate gelewer. Die referate het gehandel oor die geskiedenis, die kulturele identiteit, die politieke toekoms en die Kerklik-godsdienstige posisie van die Kleurlinge en die rol van die Kleurlinge in die ekonomie. Prof. G. van N. Viljoen het die referaat oor die politieke toekoms van die Kleurlinge gelewer.

Die Wapad het mnre. L. Wessels (lid van die uitvoerende komitee van die A.S.B.), A. P. Kraamwinkel (Leier van die P.U.-afvaardiging), J. L. van Schaik en J. L. du Plessis (lede van die P.U.-afvaardiging) genader vir kommentaar oor die kongres.

**BESTE.**

Volgens mnr.* Kraamwinkel was die kongres die geslaagste van die drie wat hy al bygewoon het. Die referate was van hoë gehalte en die besprekings lewendig. Ten spyte van die groot meningsverskille onderling, het die besprekings altyd in goeie gees verloop, het hy gesê.

**VOLK BEWUS MAAK.**

Die aktuele tema van die kongres het, volgens mnr, Kraamwinkel, baie bygedra tot die lewendige besprekings en die gevolglike sukses van die kongres. **Hy was ook entoesiasties oor die rol wat die besluite van die kongres kan speel om die volk van die probleme bewus te maak.**

Mnr. Wessels wou nie kommentaar op prof. Viljoen se referaat lewer nie. Hy was dit egter met mnr. Kraamlinkel eens dat die kongres baie geslaag was en dat die **besprekings en referate op hoë peil was. Hy was verder van mening dat die kongres geen mosie aangeneem het, sal direk op die goedkeuring van die tuisland-vir-die-Kleurlinge-gedagte neerkom nie.**

Mnr. du Plessis het in reaksie hierop gesê dat 'n mosie wat wel die gedagte aan **tuislande** impliseer, wel aangeneem is. *Die P.U.-afvaardiding het konsekwent teen enige tuislandagtige mosie gestem, omdat dit, soos mnr. Kraamwinkel dit gestel het, 'n realitietsontvlugting en ontkenning van die feite is.*

Al die lede was dit eens dat hulle baie vriendelik en gasvry deur die U.P. ontvang is.

Uit die reaksie van almal met wie gepraat is, lyk dit of die blote feit dat gepraat is, belangriker as dit wat gesê of besluit is. Dit lyk ook of hulle meen dat die hoër echelons van die studentepolitiek nie vir die gewone student toeganklik behoort te wees nie.

# Hande gelyk opgesteek

**DIE ALGEMENE kennis-vasvra, wat deur ABKK aangebied is, het heelwat verrassings opgelewer. Die deursnee vra was van algemene belang en het die politieke, geskiedenis-. musiek- en sportterreine gedek**

Die onderskeie dames- en manskoshuise het elk drie verteenwoordigers gehad. **Heide** het met 'n puntetelling van 14 die dames kafgedraf en **Uitspan** het met 24 punte die manskoshuise verslaan. Die gehoor het ook die geleentheid gekry om van die vrae te beantwoord.

Hierdie vasvra is ter viering van die RSA se tien-jarige bestaan gereël. Uit die aantal verteenwoordigers sal die drie bestes in uitdunkompetisies gekry word, wat dan die Puk by die SAUK sal verteenwoordig.

Al die universiteite sal aan die SAUK se algemene kennis-vasvra deelneem.

Talle deelnemers is egter die mening toegedaan dat die metode om hand op te steek vir die beantwoording van vrae nie doeltreffend is nie, aangesien almal tegelyk opsteek. Dit is 'n swak metode in vergelyking met die verlede waar daar skriftelik geantwoord is.

# op eie werf

Die Poemas, 'n toerspan van Argentinië wat op die huidige oomblik deur ons land toer, het ons oë oopgemaak vir 'n hele paar feite.

Hulle het naamlik teen die Noordelike sowel as die Suidelike Universiteite gespeel en teen albei spanne verloor. As die punte ontleed word, sien ons dat die Suidelike Universiteite met strafskoppe gewen het, terwyl Noordelike Universiteite die drieë ingeryg het. Nog onlangs het Transvaal die Westelike Provinsie 'n groot loesing toegedien.

'n Mens kan dus maar net tot een slotsom kom: die dae wat Suid-Afrika se rugbykrag in die Suide gelê het, is verby.

Dit is dus jammer dat die Maties nie verlede semester teen die Pukke wou speel nie. Ook jammer dat hulle nie aan die Universiteite Uitklopreeks wil deelneem nie. Verskonings dat hulle nie die tyd kan vind nie, gaan nie op nie.

'n Wedstryd tussen Tukkies en Maties met albei spanne op volle sterkte, behoort uithalerrugby op te lewer.

Die eersterugbyspan het 'n baie suksesvolle toer gehad en die manshokkiespan het hulle ook goed van hulle taak in Durban gekwyt. Die Pukmassa moet darem meer geesdrif toon met die sing-songs, sodat ons oorwinning op die veld sowel as die pawiljoen kan behaal. Op alle gebiede is die Kovsies vanjaar oorgehaal en ons kan nie laat slaplê nie.

Aan Bernard Bernardo, puik agtsteman van die Puk, wat verlede Saterdag op vleuel uitgedraf het vir Wes-Transvaal teen die Westelike Provinsie, sê ons baie geluk.

# Wêreldgehalte Erdewerk en Weefkuns by P.U.

**'N TENTOONSTELLING van Erdewerk en Weefkuns van Lesotho het in die Kunslokaal van die Frans du Toit-gebou van die P.U. vanaf 1 tot 7 Julie plaasgevind. Die uitstalling is gehou deur die Ontwikkelingskorporasie van Lesotho en is geopen deur Prof. Trumpelman van Stellenbosch.**

Die weefwerk is gedoen deur die Royal Lesotho Carpet Weavers, wat tapyte en tapissirieë van wêreldgehalte produseer. Dit word tewens ook oorsee verkoop. Lesotho is die wêreld se vierde grootste produsent van bokhaar en die Basoeto-vroue is besonder vaardig met die weef van die materiaal in tradisionele ontwerpe. Die werk geskied onder toesig van mej. Schmidli, 'n weefdeskundige uit Switserland. Behalwe tradisionele ontwerpe, word ook ontwerpe van bekende kunstenaars soos o.a. Christo Coetzee, Alexander Calder en Victor Vasarely e.a. ontvang.

Die tapyte en tapissirieë is reeds in Londen, Bradford, Toronto, Seattle en Lausanne tentoongestel. Die Maatksappy het reeds 'n goue medalje in Florence verwerf tydens 'n Internasionale Tentoonstelling van Kuns en Kunsvlyt in April 1970.

Die erdewerk is afkomstig van die Kolonyama Pottebakkery onder toesig van die Finch-gesin van die Winchcombe Pottebakkery in Gloucestershire, Engeland.

# Pukke Wen Gesogde Landlooptrofee

**DIE S.A.U.-LANDLOOPKAMPIOENSKAPPE is te Frankenwald op 1 Julie en 3 Julie 1971 gehou. Die weerstoestande was ideaal vir die inter-universitere Landloopkragmeting en die gewildheid van hierdie sportsoort is bewys deur die groot getal deelnemers, toeskouers en belangstellendes.**

Agt spanne het aan die S.A.U.-landloopkampioenskappe deelgeneem: Wits, Natal, R.A.U., U.P.E., U.O.V.S., P.U., U.K., Rhodes.

Stellenbosch en U.P. het nie deelgeneem nie. Die P.U.-span het uit die volgede lede bestaah: A. Krogman, F. van Zijl, G. van Eck, P. Laubscher, J. Kruger, D. Schoeman, C. Lodewyck, F. Schutte, D. Lodewyck.

Die landloopkompetisie was opwindend, vol spanning en het sy hoogtepunte gehad.

Goed geplaasde „Walkie-talkies" het die belangstellendes op hoogte gehou met die verloop van die wedloop.

Die spankompetisie is gewen deur P.U. wat 'n prysenswaardige en geskiedkundige vertoning daarstel, want dit is die EERSTE KEER sedert 1951 dat die P.U. hierdie gesogde tussen-universitêre landloop spantrofee gewen het!

Die nege deelnemers van P.U. het hul deeglik van hul taak gekwyt en gesorg dat hulle oortuigende geseëvier het met 35 punte teenoor die hoë verskil van punte van hul teenstanders. Ses deelnemers het onder die eerste tien atlete geëindig.

Die volgende prestasies is deur die P.U.-atlete behaal:

1. F. van Zijl, 38 min, 51 sek. (nuwe baanrekord).
2. A. Krogman, 38 min, 51 sek.
5. P. Laubscher 40 min. 56 sek.
8. J. Kruger, 42 min. 23 sek.
9. G. van Eck, 42 min. 23 sek.
10. D. Schoeman, 42 min, 30 sek.
13. C. Lodewyck 42 min. 48 sek.
24. F. Schutte 44 min, 10 sek.
37. D. Lodewyck.

Die puntestand van die Universiteite was soos volg:

P.U. 35, Wits 101, Natal 118, U.K. 150, R.A.U. 228, U.P.E. 265, Rhodes 294, U.O.V.S. 333.

Die volgende Puk-atlete is ook gekies om die Protea-span te verteenwoordig teen die ander provinsies op 3 Julie 1971:

F. van Zijl, A. Krogman, G. van Eck, P. Laubscher, J. Kruger.

# PERKAMENTPRAATJIES

## Die Sfeer van die Kuns

As 'n mens die woord **kuns** noem, ontlok jy baie verskillende reaksies by mense. Een van hierdie reaksies mag wees: kuns is iets vreemds wat eintlik buite die mens lê en is eintlik net vir enekele ingewydes bedoel. Met daardie ingewydes word dan dikwels die beeld van 'n eksentrieke mens voor die oë geroep.

Dit is goed dat ons besef dat kuns iets wonderliks is, dat dit van die diepste kragte van die mens verteenwoordig; die kuns kom, soos Schiller sê, uit 'n vreemde land. Onwillekeurig moet ons klein voel voor die grootsheid van 'n kunswerk, want dit reik na die hoogtes en dieptes van ons menswees. 'Om kuns te skep, lei dikwels tot die oorstelpende ervaring dat 'n mens die afgronde groter sien gaap en die hoogtes hoër sien glinster — 'n mens word ervarings deelagtig waarvan jy nie geweet het nie. Vir die Christen-kunstenaar het die kuns nog 'n dimensie. Deur sy kuns wil hy hom opnuut verwonder oor alles, wil hy dieper delf en die kleinode wegsluit.

Die kuns is al dikwels 'n spel genoem — 'n spel wat met dodelike erns gespeel word. Ons erken die erns van die kuns, maar ons mag dit nooit as so verhewe beskou dat ons ons daar van vervreem nie. Dit is nodig om soms, soos die Middeleeuse digter, op 'n klip te gaan sit en nadink; dit is nodig om dikwels 'n woord om en om te rol en opnuut na die klank daarvan te luister; dit is noodsaaklik om altyd die oog van 'n kind te behou. Ons moet deur die sfeer van vanselfsprekendheid dring, en opnuut bewus word van die dinge rondom ons. Die wonder van die kuns is dat dit so verhewe is, maar tog nog altyd diep en onlosmaaklik deel van ons lewe is. Baie keer klink 'n gedig so vreemd en veraf, maar dan sien ons tog dat al die los drade 'n patroon vorm en dat ons dit in die weefwerk van ons eie lewe kan ontdek. Daarom moet ons baie ervarings deelagtig word . . . Deur meer te droom en te dink en te dank vind ons die heuning in die rots.

Die digter Rainer Maria Rilke het gesê: „Om een vers te kan skryf, moet 'n mens baie stede, mense en dinge sien; 'n mens moet die diere ken; 'n mens moet kan voel hoe die voëls vlieg, en weet hoe die klein blommetjie hom soggens oopvou. 'n Mens moet kan terugdink aan paaie in onbekende streke, aan ontmoetings en afskeide wat 'n mens nie verwag het nie maar tog lank sien kom het: aan kinderdae . . . ; aan die ouers . . . ; aan oggende by die see . . . "

Maar dit is nog nie genoeg nie. Al hierdie ervarings moet stil word, moet vergeet word voordat hulle in 'n oomblik van die wonder nuut kan word.

Die kuns staan dus in die nouste verband met die lewe. Die kuns wil aan elkeen van ons iets bied. Deur die houding van verwondering kan elkeen 'n ontdekkingsreisiger word en in alles, selfs in die blaar van 'n blom, nuwe wêrelde oopsien.

# PUKKE WAT PRESTEER

## LOMPIES LOMBAARD

Gimnastiek is een van die sportsoorte wat vanjaar die grootste groei en sukses aan die P.U. gemaak het.

Een van die uitblinkers van die Pukspan, asook van die Wes-Transvaalspan, is Pieter Johannes Lombaard, beter bekend as Lompies Lombaard.

Lompies is op 26 Maart 1950 te Wolmaranstad gebore. Sy skoolopleiding het hy aan dieselfde dorp voltooi. Daarna het hy vir een jaar aan die Goudstadse Onderwyskollege studeer, alvorens hy na die P.U. gekom het waar hy tans 'n aptekerstudent is.

Op dertienjarige ouderdom het hy vir die eerste maal aan gimnastiek begin deelneem. Sy eerste sukses behaal hy in 1965 toe hy 'n Wes-Transvaal juniortitel verower. In dieselfde jaar word hy ook gekies om Wes-Transvaal se juniors op die S.A.-Kampioenskappe te verteenwoordig.

Hierdie prestasie het hy elke jaar herhaal tot in 1967 en vanaf 1968 het hy Wes-Transvaal in die seniorafdeling verteenwoordig.

In 1967 het hy sy grootste sukses behaal deur eerste te eindig op die S.A.-Kampioenskappe in die o/20 afdeling te Johannesburg. Dit was sy eerste nasionale titel.

In 1968 verower hy die Wes-Transvaalse Senior Gimnastiekkampioenskappe in die eerste graad.

Hy word weereens in 1971 vir die Wes-Transvaalspan asook vir die Wes-Transvaal „Keurspan" wat te Carletonville aan 'n byeenkoms deelgeneem het, gekies.

Hierdie Puk se gimnastiektoekoms kan maar met belangstelling dopgehou word, want baie word nog van hierdie puik gimnas verwag

# EERSTES ONDERNEEM GESLAAGDE TOER

**DIE PUKKE SE RUGBYTOERSPAN het aan die einde van verlede week teruggekeer van 'n baie geslaagde toer deur Griekwaland-Wes, Noordoos-Kaapland, Grens en Natal. Hoewel al hulle beste spelers nie op toer kon gaan nie, het hulle nogtans die vyf moeilikste gewen. Teen 'n gekombineerde span van Durbanse junior klubs het hulle vasgeval en is met 14-8 geklop.**

In hulle ses wedstryde het hulle altesaam 115 punte aangeteken teenoor die 49 van hulle opponente, dus 'n gemiddelde telling van ongeveer 16-7 per wedstryd. Die studente het 20 drieë teenoor die 11 van die spanne teen wie hulle gespeel het gedruk.

Die drie spelers wat die meeste punte aangeteken het is Schalk van der Merwe (heelagter), Johan Steyn (vleuel) en Piet Roodt (losskakel). Van der Merwe het 29 punte bygedra met ses strafdoele, 'n skepdoel en vier vervyfskoppe, Steyn 27 punte met nege drieë en Roodt 16 punte met 'n drie, drie skepdoele en twee vervyfskoppe.

Ander toerlede wat punte behaal het is Louis van Niekerk — 10 (twee strafdoele en twee vervyfskoppe), Bartlo Saaiman — 9 (drie drieë), Jim van Rensburg — 6 (twee drieë), Dinky Muller — 6 (twee drieë) en Piet Brand,



**Bernard Bernardo word deesdae as vleuel ingespan. Hy het Wes-Transvaal tweemaal verteenverteenwoordig: die eerste keer as agsteman en die tweede keer as vleuel.** *Foto: Fotokuns.*

Neil Cawood en James Stoffberg elk drie punte met een drie elk.

Piet Lombard het 'n skepdoel bygedra.

Volgens bestuurder Christo Holtzhausen was Johan Steyn uitblinker nommer een. Wat sy spel op die toer aanbetref het hy kop en skouers bo die anderspelers uitgestaan. Hy het deurgaans nie goed gespeel nie, maar briljant. Sy nege drieë gee 'n goeie aanduiding van die hoë standaard van sy spel. By 'n paar geleenthede het dit gelyk of hy sy teenstanders laat stilstaan. In twee wedstryde, teen die Kimberleyse subuniespan en teen die Oos-Londense Buffaloes, het hy elk 'n driekuns met drieë behaal.

Schalk van der Merwe het veral teen die einde van die toer puik vertoon. Teen Glenwood Old Boys van Durban het hy feitlik oordag die „held van Durban" geword toe hy 18 van die Pukke se 24 punte behaal het. In hierdie wedstryd het hy vyf strafdoele en 'n skepdoel deur die pale geloods.

Ander spelers wat groot steunpilare was is Hennke Coetzee, Piet Roodt, Jannie Barnard, James Stoffberg, Jim van Rensburg, Piet Brand en Louw Venter, Eugene van Wyk en Dinky Muller, die senterpaar, het algaande weer in 'n gedugte kombinasie ontwikkel.

'n Paar spelers het ligte beserings opgedoen en nie al die wedstryde is voltallig voltooi nie.

'n Kort opsomming van die wedstryde is soos volg:

**Teen die Kimberleyse Subuniespan —**

Die wedstryd wat nie juis as aanskoulik beskryf kan word nie is deur die Pukke gewen met 20-6 Die toerspan het vyf drieë, 'n strafdoel en 'n vervyfskop behaal teenoor 'n drie en 'n strafdoel. Johan Steyn se drie drieë was uit die boek.

**Teen die Kimberleyse Polisie —**

Voorryman Wallie van der Walt is net na rustyd van die veld af met 'n besering en die Pukke het gesukkel om die eindtelling 13-9 in hulle guns te beklink met twee drieë. 'n skepdoel en twee vervyfskoppe teenoor twee drieë en 'n strafdoel. Hulle het nietemin baie meer ondernemingsgees as die tuisspan aan die dag gelê en moes verder gewen het.

**Teen Aliwal Noord —**

Onder spreiligte het die Pukke met 25 punte (vyf drieë, 'n skepdoel, 'n strafskop en twee vervyfskoppe) teen 9 (twee drieë en 'n strafdoel) gewen. Hier het die toerspan meer gek geskeer as rugby gespeel.

**Teen die Buffaloes, Oos-Londen**

In verreweg die beste wedstryd van die toer het die Pukke die sterk span met 25-6 verslaan. Die wind het speeltoestande bemoeilik, maar die Pukke se hantering was uit die boonste rakke. Die mooiste beweging van die toer is ook in hierdie wedstryd gesien. Die studente se voor- en agterspelers het vlakby hulle eie doellyn met die bal begin hardloop en Neil Cawood het die beweging met 'n drie afgerond.

Die Pukke se punte het bestaan uit vyf drieë, 'n strafdoel, 'n skepdoel en twee vervyfskoppe en Buffaloes se punte uit twee drieë.

**Teen 'n gekombineerde span van Durbanse junior klubs —**

Hierdie aandwedstryd het die Pukke as gevolg van swak verdediging met 8-14 verloor. Die Durbaniete daarenteen het uitstekend gekeer en het ook pragtig gekombineer. Die tuisspan het 'n doel, twee drieë en 'n strafdoel op die telbord geplaas en die toerspan net een drie, 'n straf- en 'n vervyfskop.

Ter versagting van die Pukke se teleurstellende vertoning moet gesê word dat die spelers nog moeg was van die bootrit terwyl hulle ook nie reg ingestel was vir die wedstryd nie.

**Teen Glenwood Old Boys, Durban —**

Dit was weer 'n wedstryd onder spreiligte. Hierdie keer het die Pukke beter verdedig en hulle het daarin geslaag om die Durbaniete met 24 (twee drieë, vyf strafdoele en 'n skepdoel) teen 5 ('n doel) te troef.

Hoewel die uitslag die indruk van 'n skopwedstryd skep, was daar heelparty mooi lopies. Veral Johan Steyn was op sy stukke.

Glenwood het etlike provinsiale spelers in sy geledere gehad,



**Gerrit Botha is beseer, maar sal hopelik beskikbaar wese vir Intervarsity.** *Foto: Fotokuns.*

waaronder Rodney Gould, Len Fry en Roger Seymour.

In die Vaalrivier naby Kimberley het 'n paar spelers en bestuurder Christo Holtzhausen 'n noue ontkoming gehad toe hulle roeiboot in die middel van die rivier omgeslaan het. Die insittendeshet met klere en al in die water beland maar, kon darem letterlik daarin slaag om kop bo water te hou.



**Eugene van Wyk sukkel ook met 'n besering. Hy sal egter binne kort wedstrydfiks wees.** *Foto: Fotokuns.*

## Balletjie kry wind van voor

In die Inter-universitêre gholftoernooi waaraan agt universiteite deelgeneem het, het die Pukke die wind effens van voor gekry. Hulle het moeilik aangepas in die ongure weersomstandighede.

Die Pukke het slegs vir Tukkies die loef afgesteek in die spankompetisie. Op individuele vlak het Rogert Schoeman die beste gevaar. Hy is na sy bestendige spel gedurende die week vir die S.A.U. B-span gekies.

Die Pukke het egter baie geleer en sal die ondervinding gebruik om die Kovsies in die komende intervarsity koud te sit.

## O/20-span speel vier wedstryde in vyf dae

**DIE PUK O/20-RUGBYSPAN het puik presteer op die eerste S.A.U. O/20-rugbytoernooi wat vanaf 5 tot 10 Julie 1971 in Durban gehou is. Weens 'n misverstand moes vier wedstryde binne vyf dae gespeel word en hier het die PUK hulself bewys deur drie van die vier wedstryde te wen.**

Weens die misverstand het sommige Universiteite drie, en ander waaronder die PUK, vier wedstryde gespeel. Wits was die enigste onoorwonne span op die toernooi en het slegs drie wedstryde gespeel.

Die uitslae van die wedstryde was soos volg: ......

P.U. wen Natal 28-9.
P.U. wen Rhodes 19-18.
P.U. wen U.P.E. 16-8.
P.U. verloor Kaapstad 3-17.

Uitblinkers in die PUK se span was Riaan Lotz, wat ook kaptein was, Nimrod van Zyl, Johan Loubscher en Wim van der Walt, onder die voorspelers terwyl Philip Burger, Mangaan van der Walt en Kierie du Toit onder die agterspelers uitgeblink het. Philip Burger het met sy geleerde skoen ook gesorg vir die meeste punte gedurende die toernooi toe hy nie minder as 42 punte behaal het nie. In die toekoms sal hy nog vir die PUK van baie waarde wees.

Wat veral opmerklik was gedurende die hele toernooi, was dat slegs twee strafskoppe toegeken is vir vuil spel.

Die o/20 - toernooi sal nou 'n jaarlikse instelling word en in 1972 word dit deur die Universiteit van Kaapstad aangebied.

## TAFELTENNIS BUIT VIER TITELS

**DIE JAARLIKSE S.A.U.-Tafeltennistoernooi is vanaf 28 Junie tot 4 Julie te Rhodes Universiteit gehou. Sewe Universiteite was teenwoordig met heelparty provinsiale en Protea spelers in die midde. Vir die Pukke was dit die suksesvolste toer tot op datum en kon hulle na afloop van die toernooi met vier van die agt titels spog.**

Die P.U.-damesspan deel die eerste plek met Kaapstad in die spankompetisie. Sonja Kruger, gewese S.A.-juniorkampioene het min moeite gehad om die damesenkelkampioenskapstitel in te palm terwyl sy en Ben Schutte ewe-eens die gemengde dubbeltitel gewen het. Mej. Kruger het ook Protea-kleure ontvang in 'n wedstryd teen Oostelike Provinsie.

In die mansspankompetisie eindig die P.U.-mansspan tweede na pragoorwinnings oor Wits-, Rhodes- en Stellenbosch Universiteit.

In die damesdubbels - kampioenskap het Sonja Kruger en Grizelle Azar deurgedring tot die finale waar hulle deur die span van Kaapstad Universiteit uitgeskakel is. Sarel du Plessis sorg vir nog 'n hoogtepunt deur die plaatkampioenskap in te palm.

Na afloop van die toernooi is Sonja Kruger eerste gegradeer in die damesafdeling, terwyl Ben Schutte die prestasie behaal om die vierde plek in te neem in die mansafdeling.

**Uitslae:**

**Mans:**
1. Kaapstad en Natal.
2. P.U.
3. Wits.
4. Rhodes.
5. Stellenbosch.
6. R.A.U.

**Dames:**
1. P.U. en Kaapstad.
2. Wits.
3. Stellenbosch.
4. Rhodes.
5. R.A.U.


**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**



**DIE**

**INSLEEP RESTAURANT**

**WAARHEEN ALMAL SLEEP**

**Koshuisbestellings: 6039**